Saam-praat-papier 15 Mei 2016

## DIE HERE SE HART VIR DIEGENE WAT VASGEVANG IS

**Jos 6:1-10 Jerigo was gesluit en verskans teen die Israeliete; niemand het uitgegaan of ingekom nie. (2) Die Here het vir Josua gesê: "Ek gaan Jerigo, sy koning en sy soldate nou in jou mag oorgee. (3) Julle moet om die stad loop; al die manne onder wapen moet een maal om die stad gaan, en dit moet julle ses dae lank doen. (4) Sewe priesters moet elkeen 'n ramshoring voor die ark uit dra. Die sewende dag moet julle sewe maal om die stad loop. Dan moet die priesters die ramshorings blaas, (5) en sodra die ramshorings blaas en julle dit hoor, moet al die manskappe die aanvalskreet hard uitskreeu. Die muur van die stad sal dan inmekaar stort en die manskappe kan oorklim, elkeen reguit vorentoe." (6) Josua seun van Nun het die priesters geroep en vir hulle gesê: "Vat die verbondsark en laat sewe priesters elkeen 'n ramshoring voor die ark van die Here uit dra." (7) Vir die manskappe het hy gesê: "Kom verby en loop om die stad. Die gewapende manne moet verbygaan voor die ark van die Here uit." (8) Josua was nog besig om met die manskappe te praat, toe kom die sewe priesters wat elkeen 'n ramshoring voor die ark van die Here uit moes dra, verby en blaas die ramshorings terwyl die verbondsark van die Here agter hulle aan kom. (9) Die gewapende manne het voor die priesters geloop wat die ramshorings blaas, en die agterhoede het die ark gevolg. Terwyl hulle loop, het die ramshorings geblaas. (10) Josua het die manskappe beveel: "Julle moenie skreeu of 'n geluid laat hoor nie; nie 'n woord moet uit julle mond kom voor die dag dat ek vir julle sê: 'Skreeu!' nie, dan moet julle skreeu."**

**2Ko 10:3-5 Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. (4) Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies (5) en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.**

**DIE HERE SE HART VIR DIEGENE WAT VASGEVANG IS**

**1 DIE HERE WERK SOMS OP VREEMDE MANIERE**

**2 DIE HERE SE PLANNE KAN DEUR NIKS EN NIEMAND GEKEER WORD NIE**

**3 DIE HERE SE VREEMDSTE EN GROOTSTE OORWINNING IS JESUS CHRISTUS**

**Ons kan prakties ook die vestings in ons lewe oorwin!**




### PRAKTYK : HOE OM DIE VESTINGS IN ONS LEWE TE SLOOP

**2 KOR 10:3-5**

**1) Wat is 'n vesting ?**

‘n Sondige of skadelike gewoonte wat in lewe tot stand gekom het en gebou is op ‘n valse oortuiging/verkeerde denke/leuen......eerder as op die waarheid v God se woord! Vestings perk jou in....beroof jou vreugde....verhinder groei.....beduiwel verhoudings......verswak jou selfbeeld en laat jou God se beste vir jou lewe misloop

**2) Hoe word ‘n vesting gevorm?**

- invloed v gebroke en sondige wêreld (geprogrameer bv familie/vriende/onderwysers/omgewing)
  byvoorbeeld: hoe kinders v alkoholis pa probleme hanteer .....veg....akkommodeer......vlug
- traumatiese ervarings bv molesteer bv pynlike emosies....voel swakkeling.....slagoffer...... skuldig ... maar deur Christus.....alles verander hoe god sien..*God verander nie ons verlede nie, maar bevry ons daarvan!!!*
- versoekings waaraan gereeld toegee....word deel v leefwyse!

**3) Hoe breek ons die vestings af wat in ons lewe tot stand gekom het?**

3.1 stel lewe oop vir die HG om te deursoek
3.2 kies om te wil verander
3.3 verander denke (laat God jou lewe verander deur die vernuwing van jou denke)

3.3.1 ontbloot leuens wat basis vorm v vesting

- wat is die leuen(s) oor self, God, lewe en ander?
- wat is die uitwerking v hierdie oortuiging/leuen in my lewe?

3.3.2 neem gedagte/denke gevange (boei dit)
3.3.3 onderwerp dit of vervang dit met die waarheid

vblde:

- voel verwerp: *ek verdien ander se liefde nie* of *niemand hou van my nie (Joh 1:12; 1Joh 3:1; Rom8:1; Ef 1:3-11)*
- ek is nie instaat nie...ek kan nie (Jer 1:1:6,7; Jos 1:9; fil 4:13; Rom 8:37)
- nog lys van vestings:
  god kan my nooit vergewe nie
  ek kan nie ‘n ander vergewe nie
  slegte dinge gebeur altyd met my
  ek het beheer verloor
  ek is nie goed genoeg nie...
  ek is ‘n mislukking
  ek is te bang vir....

3.4 wees geduldig volhardend

3.4.1 dit neem soms tyd om denke en lewe te verander bv

- **soos muur wat afgebreek moet word**
- kenners meen: tot 6 weke om slegte gewoonte te vervang met nuwe
- soos vol pot swart koffie (een ysblokkie per dag.....word helder)

3.4.2 volhard (Fil 3: 13b-15a)

3.5 Gebruik alle moontlike geestelike ondersteuning wat vir jou beskikbaar is bv omgeegroep; ondersteuningsgroep; eredienste; bybelstudie en gebedsgroep; nader iemand om as geestelike mentor vir jou te help op jou pad ensomeer**.**

**☺jy is ‘n oorwinnaar!      want onthou wie jou Here is en wie jy is**

**Vraag 1: Watter “vesting”/slegte gewoonte sal jy graag wil oorwin?**
**Vraag 2: Wat in hierdie gedeelte gee vir jou nuwe moed vir die lewe!**